PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

MIDDAGSTUDIEPROGRAM & REËLS

TARIEWE VIR 2016
R600 per kwartaal per kind

PERSONEEL:

Gr 1:	Alta van Heyningen	073 1705 974
Gr 1:	Sunette Lourens	072 4916 724
Gr 2:	Linette Pretorius	072 099 7887
Gr 2 & 3	Elisma Greyling	072 7221 661
Gr 3:	Chrisna Swanepoel	076 2086 550
Gr 4:	Daleen Meiring	083 5609 740
Gr 5:	Sandra Meiring	072 6109 088
Gr 6 & 7:	Mechelle Meyer	083 703 1520
Buite asst:	Leana Truter	082 4666 168

Mev Chrisna Swanepoel ageer as middagstudiehoof en u kan gerus met haar skakel. Mnr Stefan Smit is oorhoofs verantwoordelik vir middagstudie en sy nommer is 076 290 2956.
Belangrik: Middagstudiegelde is kwartaalliks vooruitbetaalbaar. Middagstudie is 'n opsionele, nie verpligte, diens wat deur die skool gelewer word. Privaat toesighouers word gehuur en met u studiegeld betaal. Indien u in gebreke bly om die studiegelde te betaal sal u kind geweier word en die skool sal geen verantwoordelikheid vir hom/haar aanvaar nie.

U kan ook met Elna de Klerk (Finansiële beampte) reël dat u middagstudiegelde saam met u skoolgeld as 'n debietorder oor tien maande betaal word.

MIDDAGPROGRAM:

13:00 – 13:50 :	Leerders verklee en eet hulle kos wat u saamstuur. Die kombuis open om 13:30 tot 13:45. ***Gedurende die tydperk is mev. Chrisna Swanepoel aan diens om na die kinders om te sien.*** *Die* snoepie sal ook elke dag oop wees van 13:15 tot 13:30 en 15:00 tot 15:30.
13:50 :	Leerders meld by hulle onderskeie klasse aan sodra die klok lui sodat register geneem kan word.
14:00 – 15:00 :	Studie vir alle leerders.
15:00 – 15:30 :	Pouse ***(In die somermaande swem die leerders wie se ouers toestemming verleen het. Sien laaste paragraaf van die toelatingsbrief)***
15:30 – 16:15:	Studie vir graad 4 – 7 leerders. *(Graad 1 -3 leerders word nie verplig vir 'n tweede gedeelte nie, maar hulle kan wel hiervan gebruikmaak)* ***NB!*** **Leerders wat die eerste uur gemis het agv sport moet die tweede periode se studie bywoon.**
16:15	Leerders pak op, maak skoon en gaan na wagarea.
17:15:	Middagstudie eindig. ***(Ouers wat kinders na 17:15 afhaal doen dit op eie verantwoordelikheid)***

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4875 | E-pos: office@tjokkies.fs.school.za | www.tjokkies.fs.school.za

SPEELTERREINE:

- ✓ Gr 1 – 3: By klim en klouterapparaat en op grasperk tussen die krieketnette en die
- ✓ swembad.
- ✓ Gr 4 – 7: Rugbyveld en grasperk langs tennisbane.

NB: ***Geen leerder mag op die grasperk by die hoofingang en voor die wetenskapklas speel nie.***
Geen leerders mag agter die tennisbane en tussen die walle en die heining speel nie.
Geen leerder mag agter die saal en voor die Gr 1 klasse speel nie.

REëLS VIR DIE LEERDERS:

1. Die volgende plekke is buite perke: Alle klasse, behalwe die middagklasse. Die rekenaarsentrum, ouditorium, saal en alle stoepe voor die kantore en die binnehof voor die personeelkamer asook die gras voor wetenskapklas.
2. **Leerders mag nie op die sypaadjies en by die hekke vir hulle ouers wag nie. Die wagarea is by die snoepie of by die klasse.**
3. Tasse moet na skool voor of binne julle eie middagklas neergesit word.
4. Geen leerder mag die swembadterrein binnegaan sonder toesig van ‘n opvoeder nie.
5. Leerders moet na buitemuurse aktiwiteite teruggaan na hulle onderskeie klasse.
6. Leerders mag nie in die badkamers speel nie.
7. Na 16:00 word die groot badkamers gesluit en dan moet die leerders die klein badkamers op die dubbelverdieping gebruik.
8. Leerders moet die terrein en die badkamers te alle tye netjies hou.
9. **NB!** Leerders mag die skoolgronde nie sonder toestemming verlaat nie, behalwe om aan sport of ander skoolbedrywighede deel te neem.

ALGEMENE REËLS VIR OUERS:

1. **Ouers moet die betrokke leerkrag skriftelik of telefonies laat weet indien u kind nie middagstudie kan bywoon nie. U kan ook die skool bel om ‘n boodskap te laat of sms of whats app stuur aan betrokke juffrou.**
   NB! Ouers moet ook die middagdame en die skool laat weet indien u kind middagstudie staak.
2. **NB! Indien u kind saam met ‘n maatjie huistoe gaan, of deur ‘n ander persoon afgehaal word, moet u ook skriftelik of telefonies laat weet.**
3. **Leerders moet hulle kan besig hou wanneer tuiswerk afgehandel is. (Bring bv. altyd ‘n leesboek saam.)**
4. **Alhoewel toesighouers hulp verleen, is geen didaktiese hulpverlening werklik moontlik nie.**
5. **Ouers moet hulle kinders by die snoepie of klasse afhaal en nie van u kind verwag om naby die uitgange te wag nie.**
6. **Maak seker dat u vir u kind genoeg kos inpak. Iets vir pouse maar ook vir middagete**
7. **Ouers moet toesien dat u ‘n toelatingsvorm met die korrekte kontakbesonderhede voltooi en dit by die betrokke juffrou inhandig.**
8. **Help ons om ‘n veilige en gedissiplineerde omgewing vir u kind na skoolure te skep deur die reëls na te kom en dit by u kind te vestig.**
9. **Uitteken van leeders. Leerders word afgehaal by klasse of snoepie. Kinders wag nie meer voor by hek 2 nie. Skep ‘n risiko.**

M. Coomans (Skoolhoof)
Nms die Beheerliggaam

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: (051) 522 1371 | Faks: (051) 522 4785 | E-pos: office@tjokkies.fs.school.za | www.tjokkies.fs.school.za